OUDSKOLIERE EN VRIENDE VAN VOLKSKOOL

Posbus 21, Graaff-Reinet, 6280
Sel nr: 0662447769
E-pos: volksies@hvsgrt.org.za
Web: www.volksies.co.za

FEBRUARIE 2025




# MATRIEKS 2025

*As jy beplan vir 'n jaar, saai rys*
*As jy beplan vir 'n dekade, plant bome*
*As jy beplan vir 'n leeftyd, voed iemand op*
*~Chinese Spreuk~*

**EENMAAL 'n VOLKSIE, ALTYD 'n VOLKSIE**

# Trots Volkskool






## UITTREKSEL UIT DIE 2024-JAARVERSLAG

Jaarlikse bydraes in die vorm van donasies en ledegeld deur oud-Volksies is baie min en in die komende jaar sal oud-Volksies weer genader word vir 'n bydrae. Volkskool is een van die min skole in die platteland wat steeds groei en met die nodige ondersteuning van ons oud-Volksies kan ons die skole nog beter ondersteun.

**Ooiprojek**: Tans word 'n trop van 326 ooie verhuur wat 'n jaarlikse inkomste van ongeveer R90 000.00 verseker. Gerrit Viljoen en Kleintjie Retief was in beheer van die projek en deur middel van donasies van boere en Volkskool-ondersteuners is 'n trop ooie verkry. Deel van die sukses van die projek is dat boere van hulle uitskotvee kon skenk, wat na boerooie omgeskakel is. Die projek sal volgende jaar weer verder uitgebrei word.

**Wedvlugduiwe**: Hoewel 'n suksesvolle veiling aangebied is, is die mikpunt om kopers van buite die skoolgemeenskap te kry om hierdie projek te ondersteun.

**Jagpakkette**: Die sukses van hierdie projek is dat jagpakkette nie gebind word tot plase in die Graaff-Reinet distrik nie. Donateurs met jagplase in ander distrikte kan ook 'n pakket aanbied wat dan aanlyn geadverteer en verkoop word. Ons benodig baie meer jagpakkette vir die komende jaar.

**Koedoejagkompetisie**: Ondersteuners (plase) van die jaarlikse koedoejagkompetisie moet uit die omgewing kom, aangesien jagters die oggend vertrek en die middag hulle koedoe moet inweeg. Dit het hierdie jaar baie belangstellendes na Volkskool gelok en word volgende jaar tydens die laaste naweek van die wintervakansie aangebied. Die organiseerders van die koedoe- en springbokjagkompetisie werk saam om seker te maak dat plase nie oorvleuel nie en die projek volhoubaar aangebied kan word. Boere van beide kompetisies word per kilogram vir die wild betaal.

**Vakansiepakkette:** Dit sal op dieselfde beginsel as die jagpakkette aangebied word. Ouers, ondersteuners en/of oud-Volksies van Volkskool met 'n vakansiehuis of –plaas kan die projek ondersteun, deur hul plek aan te bied. Die vakansiepakkette word aanlyn verkoop as 'n fondsinsamelingsprojek vir die Oudskolierebond. **Hierdie is weereens 'n geleentheid waar oud-Volksies, hul alumni kan ondersteun, deur 'n vakansiepakket aan te bied.**

Meeste van die projekte is boerdery-gedrewe, omdat dit 'n bekende veld vir baie van die komiteelede is en ook omdat baie ouers en ondersteuners op so 'n wyse die projekte kan ondersteun. Boere het 'n keuse tussen verskillende projekte wat hulle kan ondersteun. Lede met ander voorstelle vir fondsinsamelingsprojekte moet asseblief hulle idees met ons deel.

**Rugby en hokkie**: Daar is goeie vordering in die ontwikkeling van rugby en hokkie die afgelope paar jaar, danksy die professionele afrigters wat betrokke is. Hierdie prestasies is goeie bemarking vir die beeld van Volkskool wat uitgedra word.

# VAKANSIE- EN JAGPAKKETTE




**Besoek gerus www.insamel.co.za**

**Ons het jaarliks 'n groot verskeidenheid jagpakkette wat op 'n aanlynveiling verkoop word. Die pakkette word eersdaags op bogenoemde webblad geadverteer en jagters kan daar 'n sakpas jagpakket aankoop.**

Hierdie is een van ons groter fondsinsamelingsprojekte en die sukses is te danke aan oud-Volksies en Volkskool-ouers wat pakkette beskikbaar stel.

Jagpakkette is nie gebonde aan die omgewing rondom Graaff-Reinet nie, maar kan landwyd wees. Nicholas van der Merwe is die koördineerder en benodig nog 'n paar pakkette vir vanjaar se veiling. As jy kan help om Nicholas se werk te vergemaklik deur betrokke te raak en 'n jagpakket beskikbaar te stel, kontak hom asseblief. Sy selnommer is 0823243733.

Die vakansiepakkette word op dieselfde beginsel aangebied. Oud-Volksies met 'n strandhuis kan byvoorbeeld 'n naweek of week se verblyf as 'n pakket aanbied. As jy liewer hierdie pakket wil ondersteun, kontak my asseblief.

**Deel van die lekkerkry van Interskole se wen, is te danke aan suksesvolle projekte. Fondse word voortdurend aangewend om Volkskool se voortbestaan te verseker. Ons het die ondersteuning van oud-Volksies baie nodig om nog 'n suksesvolle aanlyn jagveiling aan te bied.**

# FONDSE VIR VOLKSKOOL



## HET JY GEWEET...

Een van ons baie gewilde fondsinsamelings is die jaarlikse koedoe jagkompetisie? Vanjaar se datum is **18 Julie 2025** en Karoo Ford is ons hoofborg.

## Hoe om deel te neem:

Spanne van vyf jagters skryf in.

Inskrywingsgeld vir deelname word aan die kompetisie betaal.
Donderdagaand word die plaas getrek waar die span Vrydag jag.
Vrydagoggend moet die jagters aanmeld op die plaas soos gereël met die betrokke boer.
Elke span hoef net een koedoe in te skryf om in aanmerking te kom vir die kompetisie, maar kan meer skiet, soos ooreengekom met die boer.
Koedoes geskiet, word by die skool ingeweeg.
Daar is verskeie pryse te wen!

## Hoe kan jy betrokke raak:

Ons benodig plase in hierdie omgewing waar jagspanne kan jag. Dit sluit plase in omliggende dorpe in, wat nie verder as 'n 1½ uur se ry van Graaff-Reinet is nie. Die boer word per kilogram vir die koedoe betaal. Die 2024-prys was R40.00 per kilogram.

Nie almal het 'n plaas nie. Oud-Volksies in die koöperatiewe wêreld kan die projek ondersteun deur 'n span in te skryf of selfs net deur ons projek aan jou kollegas te bemark. Die span van Ford SA het verlede jaar se Karoo-kuier baie geniet. Lees gerus die meegaande berig oor die 2024-koedoejagkompetisie.

## <u>2024 JAGKOMPETISIE:</u>

**https://drive.google.com/file/d/16aNB7TgGmBhNec7cT9Y3xu2FlMTF2lmV/view?usp=drive_link**

## Kontak die organiseerders om jou plekkie te bespreek:

| | |
|---|---|
| **Nicholas van der Merwe** | **0823243733** |
| **Abie Nel** | **0609868811** |
| **JP Smit** | **0826667899** |

# TERUGBLIK OP 2024 SE KOEDOEJAG

Donderdag 4 Julie 2024, het die jagters van 14 spanne by Hoër Volkskool Graaff-Reinet se busskuur gearriveer, vir 'n heerlike karoo-kuier en om die trekking van die jagplase te doen. Vrydagoggend was almal vroeg uit die vere. Met 'n bladsak vol heerlike eetgoed en 'n fles sterk koffie, was hulle reg vir die dag se jag. Teen 16:00 moes die spanne terug wees by die skuur, waar die koedoes geweeg en die skootplasings se punte deur die beoordelaars toegeken is.

As jy 'n jagter is, sou jy Van Aard Schoeman (deel van die jagspan van Ford SA) se ervaring in die jagveld, kon beaam. Saam met boer Stefan Steynberg, in sy Cruiser (nie 'n Ford nie), is hulle die jagveld in. Volgens Van Aard was hy reg vir die jag, totdat Stefan stop en in die rigting van die rant wys. Tyd vir aksie, so die geweer is uit, oorgehaal en reg vir die skoot. 'n Groot koedoe verskyn in die teleskoop en skielik gebeur waarvan geen jagter hou nie – die oomblik is te groot. Hy vertel in daardie oomblik het die wêreld gaan stilstaan en sy lewe het by hom verby geflits. Hy begin bewe en sy asem is weg! Intussen het die koedoe besluit dis tyd om van die toneel af weg te stap en met dié, klap die skoot. Wel, die koedoe het geen tree verder gestap nie, maar geen skootplasing kon deur die beoordelaars gekry word nie... Van Aard het wel die prys vir die mees verdagte skoot gewen!

Deel van die sukses van die jagnaweek, is die heerlike etes en samesyn. Trompie Gildenhuys (Topside Meat Co), Andrea Pieterse (Boxed Karoo), Ulrich Schutte en al hulle helpers het gesorg vir die heerlike etes. Carina le Roux en Tilana Groenewald was verantwoordelik vir die eetgoed in die bladsak. Marguerite van der Merwe en Joyle Smit was verantwoordelik vir die dekor. En natuurlik, Terence Ellis. Hy het gesorg dat selfs die jagters na 'n dag in die jagveld, 'n draai op die dansvloer ook gemaak het. Fotograaf - Matty van Rensburg Photography

Laastens, baie dankie vir die borge wat betrokke was en bygedra het tot die groot sukses van die 2024

Ford SA
Karoo Ford
Boxed Karoo
ABC Pumps South Africa
Build it Graaff-Reinet
Drommedaris
Matty @ Halewood South Africa Buffelsfontein Brandewyn
Karoo Craft Breweries
Karoo Taxidermy
Specsavers Graaff-Reinet
Summit Wildlife
House of Fibre
Topside Meat Co
Terence Ellis



Van Aard Schoeman

Facebook skakel: [https://www.facebook.com/share/v/18VCJ3i4xX/](https://www.facebook.com/share/v/18VCJ3i4xX/)




# SUPERBAL

As jy bietjie son op jou vel, wind in jou hare en oefening vir die lagspiere nodig het, moet jy beslis aan die SUPERBAL deelneem. Spanne van 2, 4 of 6 kan deelneem.

Vrydagmiddag neem twee spelers aan die gholf deel.


Saterdag is dit tyd vir rolbal en tennis. Spelers word in twee groepe verdeel. Die een groep speel tennis terwyl die tweede groep aan die rolbal deelneem. Twee spelers neem aan elke sportsoort deel.

Punte word toegeken aan die prestasie wat die spanne behaal. Vrydag- en Saterdagaand is dit kuiertyd by die Volksie. Die wenspan van die Superbal word Saterdagaand aangekondig.

Vir meer inligting besoek gerus ons ampelike FACEBOOK-blad:

GHOLF • ROLBAL • TENNIS

*3 balle 2 dae 1 wenner*



# 40 JAAR IN 'N FOTOMUUR VASGEVANG



Juffrou Karen Basson het in 1981 in Port Elizabeth gematrikuleer en in 1982 aan die Graaff-Reinet Onderwyserskollege begin studeer. In Januarie 1985 het sy 'n pos by Laer Volkskool aanvaar as jong twintigjarige, toe nog Karen Rautenbach en haar onderwysloopbaan in die sub A-klas begin. Sy het vir 'n kwartaal lank saam met die minlike me. Martie Lombard skool gehou, voordat sy afgetree het. Me. Marguerite Bojé het haar kollega geword en mnr. Weppie Weideman was die skoolhoof daardie jaar. Sy het daarna na die sub B-klas geskuif, maar het ook gedurende die volgende klompie jare Liggaamsoefening aan die senior dogters skool gehou en ook Kunskklasse aan die senior leerlinge.

Verskeie skoolhoofde het gevolg, onder andere dr. Leon Truter, wat ook vir haar man, Stanley Basson (matriek 1979) skool gegee het. Stanley en sewe van sy broers en susters is ook almal deur Volkskool se skoolbanke. Haar eie drie kinders het ook aan Hoër Volkskool gematrikuleer.

Twee van haar kleinkinders is tans in Laer Volkskool en drie by Weppie Preppie. Karen se naamgenoot het hierdie jaar haar graad 1-jaar begin (foto regs bo).




Agter: Mej K Rautenbach, C Kleynhans, D Oosthuizen, S Steynberg, M Meyer, M Botha, N Loots, A Pienaar, E de Koning, K Swanepoel.
Middel: D v/d Mescht, M van Eeden, J Kilian, E Wolfaardt, J Krige, E Bezuidenhout, J Marais, S du Toit, G Greeff.
Voor: E Mosterd, W Marx, T Bryant, H Jansen van Rensburg, J de Vries


"Die Volskool-familie is soos my eie en ek gaan beslis 'n groot leemte ervaar as ek gedurende dié jaar na 40 jaar en 6 maande aan Laer Volkskool totsiens sê."

Foto: Haar eerste klas in 1985 is die matriekklas van 1997.

**Juffrou Basson is besig om 'n fotomuur van haar 40 jaar by Volkskool saam te stel en is op soek na foto's.**

**Indien jy enige foto's het, stuur asseblief 'n duidelike kopie per e-pos aan volksies@hvsgrt.org.za of per**

# Trots Volkskool




Ek moes onlangs inligting naslaan vir 'n voorlegging waaraan ek gewerk het. Met my hande in my hare sit en wag ek vir inspirasie, sodat die woorde wat in my kop ronddans in sinvolle sinne verwoord kan word. Met dié, vang my oog die eeufees gedenkboek op my tafel.

Drie jaar het verloop sedert ons besig was met die saamstel van die eeufeesboek. Ek begin blaai, op soek na die inligting wat ek vir die voorlegging benodig. Ek het vasgevang geraak in die staaltjies, geskiedenis en baie foto's, asook die boeiende artikels wat onder die bekwame leiding van ons redakteur, Dorothea van Zyl, saamgevoeg is.

As jy steeds nie 'n eeufeesboek besit nie, moenie nog huiwer nie. Daar sal nooit weer in Volkskool se toekomstige bestaan so iets wees nie, want die digitale media is stelselmatig besig om die geskrewe media oor te neem. Sou daar weer 'n soortgelyke poging aangewend word, sal mense dit van die 'cloud' moet aflaai!

Navrae vir bestellings kan per e-pos gerig word aan volksies@hvsgrt.org.za

Koste: R300.00 (posgeld uitgesluit)

## OUDSKOLIERE EN VRIENDE VAN VOLKSKOOL

Plasketstraat, Graaff-Reinet, 6280
049 891 0514 | volksies@hvsgrt.org.za

**ALGEMENE JAARVERGADERING**
**VRYDAG, 8 NOVEMBER 2024**

**SAMESTELLING VAN DIE KOMITEE**

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Nicholas van der Merwe |
| Vise-Vooristter: | JP Smit |
| Komitee: | Kosie van Schalkwyk |
| | Petrie Maré |
| | Gerrit Viljoen |
| | Kleintjie Retief |
| | Phillippie Wolfaardt |
| | Henry Galloway |
| | Francois Groenewald |
| | Sarel Botha |
| | Pieter Pienaar |
| | Sanneke van der Merwe |
| Ad hoc-komitee: | Gideon van der Mescht |
| | Abie Nel |
| | Pieter Nel |
| | Henlein Bertram |
| | Ampie Jordaan |
| | Ulrich Schutte |
| | Oosie Oosthuizen |
| Dagbestuur: | Nicholas van der Merwe |
| | JP Smit |
| | Francois Groenewald |
| | Sekretaresse |
| Werksaamhede: | Dag-tot-dag navrae sal deur die dagbestuur hanteer word. |
| Projekte: | Komitee is ingedeel by die verskillende projekte. Ad hoc-lede sal genader word om te help met spesifieke take. |




Baie dankie aan Zyrilde van Zijl Potgieter, (matriek 1972), wat altyd bereid is om die nuusbriewe en voorleggings te proeflees. Ons waardeer jou tyd, hulp, raad en goeie insette!